OPENBARE KENNISGEWING: VOORGESTELDE TYDELIKE PADSLUITING VAN KEI APPLE-WEG TUSSEN KLOOFWEG EN QUENDONWEG

Kennis geskied hiermee ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom, 2015 dat die publiek 'n geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die voorgestelde tydelike padsluiting van Kei Apple-weg tussen Kloofweg en Quendonweg om vir konstruksie-aktiwiteite voorsiening te maak wat met 'n private konstruksieontwikkeling op erf 216 en 259 Seepunt te Kei Apple-weg 19 en 22 verband hou.

'n Tydelike padsluiting vir 'n tydperk van vyf maande, vanaf 1 Augustus 2022 tot 31 Desember 2022 (of totdat die bouwerk voltooi is), word beoog. Verkeer sal met 'n ompad via Quendon-, Kings- en Kerkweg herlei word.

Geleentheid om kommentaar te lewer

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê vanaf Maandag 30 Mei 2022 tot Donderdag 30 Junie 2022.

Voorleggings kan ingedien word per:

- E-pos aan transport.info@capetown.gov.za
- Hand by: Subraad 16-kantoor, 11de verdieping, Waalstraat 44, Kaapstad
- Die QR-kode in te skandeer of ons aanlyn by www.capetown.gov.za/haveyoursay te besoek

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die Stad voor te lê. Vir algemene openbare deelname en benadeelde groepe, kontak: Andre Louw by 021 400 9809 of Andre.Louw@capetown.gov.za.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

OPENBARE KENNISGEWING: TYDELIKE PADSLUITING VAN KEI APPLE-WEG, SEEPUNT

Kennis geskied hiermee ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom, 2015 dat die publiek 'n geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die voorgestelde tydelike padsluiting van Kei Apple-weg tussen Kloofweg en Quendonweg om vir konstruksie-aktiwiteite voorsiening te maak wat met 'n private konstruksieontwikkeling op erf 216 en 259 Seepunt te Kei Apple-weg 19 en 22 verband hou.

'n Tydelike padsluiting vir 'n tydperk van vyf maande, vanaf 1 Augustus 2022 tot 31 Desember 2022 (of totdat die bouwerk voltooi is), word beoog. Verkeer sal met 'n ompad via Quendon-, Kings- en Kerkweg herlei word.

Geleentheid om kommentaar te lewer

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê vanaf Maandag 30 Mei 2022 tot Donderdag 30 Junie 2022.

Merk asseblief met 'n X in die toepaslike blokkie:

☐ **Ek steun die tydelike padsluiting**

☐ **Ek steun nie die tydelike padsluiting nie**

Verskaf asseblief redes/kommentaar/insette:

Die Stad Kaapstad onderneem om nie enige van u persoonlike inligting met derde partye te deel of te kommunikeer of te versprei nie tensy ons u toestemming het of volgens wet verplig word om dit te doen. Alle inligting sal slegs gebruik word om u van enige Stad Kaapstad-verwante aktiwiteit of inligting in u wyk te verwittig. Alle inligting wat met die Stad Kaapstad gedeel word, word vrywillig gedoen.

Verskaf asseblief redes/kommentaar/insette:

Naam en van				
Fisiese adres				
Kontakbesonderhede	**E-pos:**		**Tel of sel**	

Voorleggings kan ingedien word per:

- E-pos aan transport.info@capetown.gov.za
- Hand by: Subraad 16-kantoor, 11de verdieping, Waalstraat 44, Kaapstad
- Die QR-kode in te skandeer of ons aanlyn by www.capetown.gov.za/haveyoursay te besoek

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die Stad voor te lê. Vir algemene openbare deelname en benadeelde groepe, kontak: Andre Louw by 021 400 9809 of Andre.Louw@capetown.gov.za.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.